

Daniël en die eindtyd



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Lukas 16:10; Daniël 1 en 2; hfst. 3:1-6; Openbaring 13:11-15; Daniël 3:13-18; Johannes 3:7; Daniël 4 en 6.

Geheueteks:

“Die koning het vir Daniël gesê: ‘Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak’”
(Daniël 2:47, NAB).

Die Here het sommer groot planne vir Israel van ouds gehad. “En julle sal vir My ’n koninkryk van priesters en ’n heilige nasie wees” (Eks. 19:6, OAB). Daardie heilige nasie, daardie koninkryk van priesters, sou sy getuies op aarde wees, met die boodskap dat Jahwe die enigste, ware God is (lees Jes. 43:10, 12). Ongelukkig het Israel in sy godgegewe roeping gefaal. Op die ou einde is hulle in ballingskap na Babel weggevoer. Interessant genoeg kon die Here steeds sekere individue as sy getuies gebruik, ten spyte van die rampspoedige lot wat die Judeërs te beurt geval het. Met ander woorde, deur Daniël en sy drie vriende – almal mede-ballinge in Babel – kon Hy tot ’n mate die taak verrig wat oorspronklik vir Israel en Juda bedoel was. In ’n sekere sin was hulle die volk tot voorbeeld – dít is wat hulle as God se volk veronderstel was om te wees, en wat Hy van hulle verwag het om te vermag. Hierdie verhaal kom uit ’n vervloë tyd. Die gaping tussen dié tydvak en die eindtyd is inderdaad baie groot. Nietemin bespeur ’n mens karaktertrekke en eienskappe by dié vier mans wat steeds navolgingswaardig is. Dit geld veral vir God se kinders, wat nie net in die eindtyd leef nie, maar wat ook as God se getuies moet optree in ’n wêreld wat – net soos die koninklike hof van destydse Babilon – nie die ware God ken nie. Die vraag is dus: Wat kan ons by daardie bybelfigure leer?

* Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 April.

Wie in die minste getrou is

“Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig” (Lukas 16:10, OAB).

Let mooi op Jesus se woorde hier. Dit so maklik om te kompromitteer, om “onregverdig te wees in die minste.” Die probleem is nie soseer wat “die minste” presies behels nie. Dit opsigself is nie so belangrik nie. Dit is immers “die minste.” Tog leer ervaring ’n mens – hetsy jou eie of dié van ’n ander, of beide – dat die eerste kompromie dikwels tot ’n verdere kompromie lei, totdat jy ’n string kompromieë het, en jy uiteindelik “onregverdig in die grote is.” Kom ons hou dit in gedagte terwyl ons die verhaal in Daniël 1 bekyk, die eerste oor die wedervaringe van die vier Judese ballinge in Babel.

Lees Daniël 1. In watter opsig is die standpunt wat Daniël, Gananja, Misael en Asarja ingeneem het, tekenend van die volk se oorspronklike sending? Lees ook *Deut. 4:6-8, Sag. 8:23*.

Volgens die Bybel was Daniël-hulle “tien maal beter” as die ander, “in enige saak wat wysheid en insig vereis het” (*Dan. 1:20, NAB*). Hoewel dié skrifgedeelte dit nie direk aan hul ete en drinke toeskryf nie, is die verband tog duidelik. Voorts meld die hoofstuk dat die jongmans hul kennis en wysheid van God ontvang het, m.a.w. dat hulle hulle tot beskikking van die Here gestel het, deur te weier om die onrein kosse van Babilon te eet, en dat hulle sodoende hul getrouheid aan God bewys het. Hulle was dus gehoorsaam en dit was hulle tot seëning. As Israel, net soos dié jongmans, tog net op ’n volgehoue en getroue wyse by die Bybelse leer wou hou, kon die Here ’n soortgelyke wonderwerk deur hulle as ’n nasie verrig het – of hoe? Natuurlik. Wat van ons? Sal die Here dit nie ook nou in die eindtyd, vir elkeen wat aan Hom getrou bly, doen nie?

Aangesien ons so baie lig ontvang het, behoort ons ons as ’n kerkgenootskap af te vra: Was ons gehoorsaam en getrou met die deel wat ons ontvang het? Voeg daarby ook die vraag: Hoe kan elkeen van ons afsonderlik maak, om kragtige getuies vir die Here te wees?

Daniël se nederigheid

Wêreldwyd en duisende jare lank, is Daniël 2 die skrifgedeelte wat tallose al gehelp het om in die God van die Bybel te glo. Dit lewer kragtige en rasioneel-afleibare bewyse – nie net vir die bestaan van God nie, maar ook sy voorkennis. Die feit dat dit God se voorkennis aan die lig bring, is juis die troefkaart ten gunste van God se bestaan.

Lees Daniël 2. In watter opsig bied dié hoofstuk oortuigende bewyse ten gunste van God se bestaan? Let ook mooi op die uitbeelding van hedendaagse Europa (*Dan. 2:40-43*). Hoe kon 'n man wat ongeveer 2,600 jaar terug geleef het so 'n akkurate beskrywing van die teenswoordige stand van sake gee? Hoe ander as deur God wat dit aan hom geopenbaar het, nie waar nie?

Na die dinge wat aan hom bekend gemaak is, het Daniël al die lof en eer aan die Here gegee – openlik en sonder om te blik of te bloos. Hy kon so maklik oor sy reeds-verworwe kennis en insig gespog het, dat dít die rede vir sy vermoë was, hoekom hy geweet het wat die koning gedroom het en dit boonop kon uitlê! Daniël het egter van beter gewees. Die gebede wat hy en die ander gebed het (*Dan. 2:17-23*), is tekenend van hul algehele afhanklikheid aan God – anders sou hulle saam met die res van die wyse manne tereggestel gewees het.

Later het Daniël dan ook die koning daaraan herinner dat geeneen van sy professionele wyse manne, sterrewiggelaars of towenaars kon sê wat hy gedroom het nie – in teenstelling met die Skeppergod wat verborgenhede kan openbaar juis omdat Hy die enigste ware God is. Deur sy nederigheid en afhanklikheid aan God was Daniël dus 'n kragtige getuie vir die Allerhoogste. As Daniël dan destyds soveel nederigheid getoon het, des te meer die hedendaagse gelowige! Ons het immers 'n meer volledige openbaring as Daniël, 'n meer panoramiese blik op die verlossingsplan. Watter groter aansporing tot nederigheid kan daar wees as die kennis van die kruis en wat Jesus daar vermag het?

Wat leer ons aan die voet van die kruis oor nederigheid? Wat sê dit vir ons – nie net oor ons eie sondigheid nie, maar ook hoedat ons geheel en al op God vir verlossing aangewese is? Dink 'n bietjie daarvoor na: Waar sou jy sonder die soendood van Christus gewees het? Wat het ons om oor te spog, anders as Christus en die kruis? Lees Gal. 6:14.

Die goue beeld

Bybelstudente besef lank reeds dat daar 'n verband tussen Daniël 3 en Openbaring 13 is – d.w.s. tussen die verhaal oor die drie Hebreëuse ballinge in die Duradal, enersyds; en die profetiese uitbeelding van die vervolging wat die kinders van die Here in die verlede moes deurmaak en weer in die laaste dae sal moet deurmaak, andersyds.

Vergelyk nou *Daniël 3:1-6* en *Openbaring 13:11-15*. In watter opsigte stem dié twee skrifgedeeltes ooreen?

In beide verhale draai dit om aanbidding, meer spesifiek, gedwonge aanbidding. Met andere woorde, entiteite met politieke mag – diegene wat in beheer is – wat daarop aandring dat hulle as God aanbid moet word.

Lees *Daniël 3:13-18*. Wat leer ons uit hierdie verhaal? Hoe gee dit 'n mens duidelikheid oor beide die tipe dinge waarmee ons in die eindtyd te kampe gaan hê, en die korrekte wyse om die komende krisis te hanteer?

As die magtigste koning van die Ou Nabye Ooste dryf Nebukadnesar die spot met hierdie jongmans en hul God, deur te sê: “Wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?” (OAB). Hy het sommer gou-gou geleer wie die Here is, want later moet hy bieg: “Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid” (*Dan. 3:28, NAB*). Na daardie wonderwerk was daar sekerlik geen twyfel by die koning nie – Die Hebreërs se God was 'n besondere God. Gestel nou daar was geen redding van die vlammedood nie, 'n moontlikheid wat hulle tog in ag moes neem (*Dan. 3:18*). Hoekom sou hulle steeds die regte ding gedoen het deur nie op die koning se bevel ag te slaan nie, en derhalwe lewendig verbrand te word? Hierdie verhaal is 'n kragtige getuïenis – oor waagmoed en bereidwilligheid om vas te staan in jou oortuigings, onegag die gevolge.

Die vraag is net: Hoe seker is ons dat ons ook net so vas soos dié jongmans sal staan, wanneer vals aanbidding in die laaste dae begin kop uitsteek? As ons nie nou al in die klein dingetjies getrou is nie, what laat ons dink dat ons in gewigtige eindtydsake – in die groot dinge – getrou sal wees?

Die bekering van heidene

Daniël 3 eindig met Nebukadnesar se belydenis dat die ware God bestaan en dat Hy almagtig is. Om van God en sy almag te weet, is egter nie dieselfde as om wedergebore te word nie – daardie deurslaggewende transformasie waarsonder verlossing nie moontlik is nie, soos Jesus aangedui het (*lees Johannes 3:7*). Daardie man wat in Daniël 4:30 uitgebeeld word, was inderdaad alles behalwe ’n bekeerling.

Lees Daniël 4:30. Wat was dié man se probleem? Lees ook Johannes 15:5, Handeling 17:28, Daniël 5:23.

Teen die einde van die hoofstuk leer Nebukadnesar egter sy les – selfs al is dit op die harde manier – dat ware mag slegs in God te vinde is, en dat ’n mens sonder God net mooi nêrens kom nie. “Dié monarg wat voorheen so hooghartig was, het ’n nederige kind van die Here geword – dié tiran, dié aanmatigende heerser – ’n wyse en barmhartige koning. Eers het hy die lewende God teëgegaan en gelaster, nou bely hy die mag van die Allerhoogste en beywer hom opreg vir ’n godvresende samelewing en die geluk van sy onderdane. Nadat die Koning van konings en Heer van die here hom tereggewys het, leer Nebukadnesar uiteindelik die les wat alle konings en koninginne moet leer – naamlik dat ware grootsheid uit ’n gees van opregte welwillendheid spruit. So bely Nebukadnesar dan dat Jehova die lewende God is. Hy sê: ‘Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder’” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 521; skrifverwysing uit NAB).

Lees Daniël 4:35. Aan watter waarhede oor God gee Nebukadnesar hier ook uiting?

Daniël 4 sluit af met ’n heiden wat die mag en gesag en heerskappy van die “Hebreërs” se God bely. In ’n sekere sin wys dit vooruit op ’n gebeurtenis in die later vroeg-Christelike kerk, toe heidene, deur die getuieis van Jode en die mag van die Heilige Gees, die waarheid en die ware God leer ken het, ’n gebeurtenis wat die wêreldwye verkondiging van die evangelie ontketen het.

Lees Johannes 3:7. ’n Mens is geneig om eindtydgebeure in die lig van die komende vervolging, die uitvaardiging van die doodstraf vir die heiliges, en vals aanbidding te sien. Let egter op Jesus se woorde in dié teksvers. Buiten al dié dinge wat die gelowige te wagte moet wees, wys die Meester ons op ’n ander, belangriker vorm van gereed wees. Was is dit?

Daniël se getrouheid

Lees Daniël 6 en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Wat sê hoofstuk 6:4, 5 vir ons oor Daniël se karakter? Wat leer ons daaruit oor die lig waarin die wêreld die gelowige behoort te beskou?

2. In watter opsigte stem die gebeure in dié hoofstuk ooreen met Openbaring se eindtydgebeure? Lees *Op. 13:4 en 8, en 11-17*.

3. Verbeel jou jy is Daniël en dat jy ook moes kies om te bid of nie te bid nie. Watter argument kon hy aangevoer het om lievers nie te bid nie? M.a.w. watter verskoning kon Daniël uitgedink het om nie te bid nie, en so die pynlike ervaring van die leeuuil vry te spring?

4. Hoekom dink jy het Daniël aangehou bid, soos dit sy gewoonte was, al het hy nie noodwendig nodig gehad om dit op daardie wyse te doen nie?

5. Voordat Daniël in die leeuuil gegooi is, het koning Darius iets gesê (*Dan. 6:16*) wat toon dat hy alreeds met die mag van Daniël se God kennis gemaak het? Let op Daniël se woorde aan die koning. Hoe wys dit dat die profeet hier as getuie vir die lewende God optree, die God wat hy aanbid het?

Vir verdere studie:

“Met die aarde wat algaande einde se kant toe staan, behoort ons al meer die aandag op Daniël se profesieë te vestig, spesifiek dié wat betrekking op die tyd het waarin ons nou leef. Ons moet ook op die laaste boek in die Nuwe Testament, en sy leer met dié van Daniël vergelyk. Deur Satan se toedoen meen baie, verkeerdelik, dat die profetiese gedeeltes van Daniël en Openbaring bokant die mens se vuurmaakplek is. Tog het ons die klinkklare belofte: Eindtydprofesie is tot seëning van diegene wat dit bestudeer. ‘Die verstandiges sal verstaan’ [*Dan. 12:10, OAB*] – so sê die Skrif aangaande Daniël se visioene wat tot die eindtyd verseël moes bly. Aangaande die openbaring wat Christus aan die apostel Johannes ter leiding van sy kinders in elke tydvak gegee het, kom die belofte: ‘Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en dié wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is’ [Openbaring 1:3, OAB]” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 547).

’n Mens is geneig om Daniël in ’n sekere lig te sien – die opkoms en val van opeenvolgende nasies, die oordeel (*Dan. 7:22, 26; 8:14*), en die uiteindelijke verlossing van God se kinders uit die tyd van benoudheid (*Dan. 12:1*) – maar uit vandeeweek se bybelles blyk dit dat die gelowige ook ’n persoonlike les daaruit kan leer, met voorbeelde van hoe ’n mens gereed vir beproewing en vervolging kan wees, ongeag die plek of tyd. Sodoende bring hierdie verhale uiters belangrike, eindtydgerigte lesse tuis. Wat help dit, per slot van rekening, om te weet wat die “merkteken van die dier” en “die tyd van benoudheid” is, en wat die komende vervolging behels, as ons nie ’n noue wandel met God het en geloofslesse daaruit kan put nie? Dan sal daardie allerbelangrike kennis ons net veroordeel, en nie help nie. Die heel belangrikste les is wedergeboorte, die transformasie-belewenis wat Daniël-hulle en ook Nebukadnesar gehad het.

Vrae vir bespreking:

1. Lees Daniël se gebed in hoofstuk 9:3-19. Hoe toon dit dat hy die beginsel van genade verstaan het, naamlik dat God ons goedgunstiglik liefhet en verlos, en nie a.g.v. ons prysenswaardige optrede of goeie gedrag nie? Hoekom is dit van kardinale belang dat ons hierdie waarheid nie net begryp nie, maar ook eerstehands beleef?
2. Bespreek die volgende in klastyd: Die uitdagings wat die drie Hebreërs (in hfst. 3) en Daniël (in hfst. 6) die hoof moes bied, naamlik om vas te staan in die geloof terwyl die owerhede poog om jou godsdienstige gebruike aan bande te lê. In watter opsigte stem die twee verhale ooreen? Watter verskille merk jy? Wat kan ons uit die twee verhale leer – oor hoe ’n mens se getrouheid ’n kragtige getuienis kan wees?
3. Wat beteken dit om ’n “wedergebore Christen” te wees? Hoekom sê Jesus aan sy volgelinge: “Julle moet weer gebore word” (*Johannes 3:7, OAB*)?